



# Gids tot Wetgewing en die Beste Praktyke vir **AKKOMMODASIE** in die Suid-Afrikaanse Vrugtebedryf



# Gids tot wetgewing en die beste praktyke vir akkommodasie in die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf



EERSTE UITGAWE 2013

**Ontwerp en uitleg:** Colleen Goosen **Drukker:** PaperChefs **Vertaling:** Desireé Thompson

Ons erken met dank almal in die vrugtebedryf wat hul kennis beskikbaar gestel en plaasbesoeke toegelaat het om hierdie gids moontlik te maak.

**Besondere dank aan diegene wat die werk gefinansier het:**

The logo for TESCO, featuring the word "TESCO" in a bold, sans-serif font with horizontal lines underneath.The logo for IPL International Produce Ltd, with "IPL" in large letters and "International Produce Ltd" in smaller text below.The logo for subtrop SA Subtropical Growers' Association, featuring a stylized leaf icon and the word "subtrop" in a lowercase, sans-serif font.The logo for HORTGRO SERVICES DIENSTE, featuring a stylized fruit icon and the text "HORTGRO SERVICES DIENSTE" and "SUPPORTING THE HORTICULTURAL INDUSTRY".The logo for fpéf SOUTH AFRICA Fresh Produce Exporters' Forum, featuring a stylized fruit icon and the text "fpéf SOUTH AFRICA" and "Fresh Produce Exporters' Forum".

VRYWARING: Hoewel daar gepoog is om die inhoud van hierdie gids so noukeurig moontlik te maak, kan Vrugte Suid-Afrika (Fruit South Africa of FSA), die samestellers, medewerkers en diegene wat 'n finansiële bydra gemaak het, nie vir enige moontlike weglating aanspreeklik gehou word nie. Hulle verteenwoordig nie noodwendig die menings wat in die gids uitgespreek word nie, waarborg nie dat die inhoud of riglyne foutloos, absoluut akkuraat en volledig is nie, en kan nie verantwoordelik gehou word vir verkeerde interpretasies of optrede wat op die inligting gegrond is nie.

Die inligting in hierdie gids moet dus nie as 'n alternatief vir regsadvies dien nie. Waar onsekerheid is oor die interpretasie van wetgewing of as oënskynlike dubbelsinnighede of weersprekings voorkom, moet regsadvies liever ingewin of die toepaslike staatsdepartement geraadpleeg word. Hierdie gids sal met verloop van tyd hersien word. Intussen verwelkom ons aanbevelings oor die tegniese inhoud en die algemene gebruikersvriendelikheid. Stuur asseblief kommentaar aan Colleen Chennells by [chennell@iafrica.com](mailto:chennell@iafrica.com)

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlov van Vrugte Suid-Afrika gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

## INLEIDING

Die formele landbousektor verskaf werk aan ongeveer 700,000 werknemers, insluitend seisoens- en kontrakwerkers. Anders as in die meeste ander lande, is die verskaffing van verblyf vir permanente en seisoenswerkers 'n algemene verskynsel op Suid-Afrikaanse plase, ten spyte van die feit dat dit nie 'n regsvereiste is nie. Dit is veral so by arbeidsintensiewe sektore soos die vrugtebedryf, maar die hoeveelheid wooneenhede het in die afgelope klompie jare gedaal en min geboue word deesdae opgerig.

Hoewel die standaard van huisvesting op plase dikwels gekritiseer word, bestaan daar bitter min riglyne oor die standarde van bestaande geboue op plase. Omdat die oprigting van nuwe geboue en verandering aan bestaande geboue deur Suid-Afrikaanse Nasionale Bouregulasies voorgeskryf word, word in hierdie gids na die betrokke regulasies as riglyn verwys.

Hierdie dokument is 'n riglyn vir akkommodasie op plase en is ontwikkel as 'n nuttige hulpmiddel aan produsente. 'n Volledige kontrolelys, wat gebruik kan word om die standaard van behuising en woongeriewe te bepaal, is as bylaag ingesluit.

'n Kort opsomming van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid en Verblyfreg (Extension of Security of Tenure Act of ESTA) is ingesluit as riglyn tot woonregte en verantwoordelikhede. Hoewel dit nie kwalitatiewe aspekte van verblyf soos dié in bouregulasies en munisipale regulasies dek nie, is dit belangrik dat produsente die konteks van ESTA verstaan. Die gids kan elektronies afgelaai word van Vrugte Suid-Afrika (Fruit South Africa of FSA) se webwerf oor etiese handel: [www.fruitsa-ethical.org.za](http://www.fruitsa-ethical.org.za).

Ons hoop dat u hierdie gids baie nuttig sal vind!

# INHOUD

## AFDELING 1 Regsraamwerk 1

## AFDELING 2 Riglyne tot wetgewing en die beste praktyke vir akkommodasie op plase 4

### A. ALGEMENE WOONGERIEWE 5

1. LIGGING 5
2. ALGEMENE TOESTAND VAN WOONGERIEWE 6
3. DIE GEBRUIK VAN ASBES IN WOONGERIEWE 8
4. DREINERING EN RIOLERING 9
5. ISOLERING, VENTILASIE EN BELIGTING 9
6. WATER EN DIE OPGAAR VAN WATER 11
7. AFVALWATER EN VASTE AFVAL 12

### B. GEMEENSKAPLIKE HUISVESTING 14

1. ALGEMENE TOESTAND VAN SLAAPGERIEWE 14
2. SLAAPREËLINGS EN PAKPLEK 15
3. TOILETTE EN WASGERIEWE 16
  - Toilette
  - Storte en badkamers
4. KOOK- WAS- EN STRYKGERIEWE 17
  - Kookgeriewe
  - Was- en strykgeriewe
5. MEDIES / NOODHULP 19
  - Noodhulp
  - Rekordhouding van beserings

**AFDELING 3**  
**Bestuurstelsels 20**

**A. BESTUURSBELEID 21**

1. HUISVESTINGSBELEID EN BEHUISINGSOOREENKOMSTE 21
2. BELEID OOR GESONDHEID EN VEILIGHEID 22
3. AFTREKKINGS VIR VERBLYF, KOS EN DIENSTE 24
4. PROSEDURES VIR DISSIPLINE EN DIE LUG VAN GRIEWE 25

**B. BESTUUR EN PERSONEEL 26**

1. AANSTELLING VAN 'N BESTUURSLID OM WERKNEMERS SE HUISVESTING TE BEHARTIG 26

2. AANSTELLING VAN PERSONEEL VIR DIE SKOONMAAK EN ONDERHOUD VAN GEMEENSKAPLIKE WOONGERIEWE 26

3. OPLEIDING VAN PERSONEEL 26

**C. SEKURITEIT 27**

1. SEKURITEIT EN DIE REGTE VAN WERKNEMERS 27
2. KLAGTES OOR SEKURITEIT 27
3. BESOEKERS EN TOEGANG TOT DIE WOONGEBIED 27

**AFDELING 4:**  
**Gids tot die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid en Verblyfreg (ESTA) 28**

**KONTROLELYS OOR WERKNEMERS SE AKKOMMODASIE**

# REGSRAAMWERK

# 1

Heelwat wette en regulasies bepaal verskillende aspekte van werknemers se verblyf op plase. Suid-Afrikaanse Bouregulasies, wat die oprigting van nuwe geboue en verandering aan bestaande geboue reguleer, is veral van belang vir die doeleindes van hierdie gids. Daar is egter min riglyne rakende die standarde van bestaande geboue op plase.

Die regsaspekte oor verblyf op plase wat hier ter sprake is, is verkry uit die volgende wette, voorskrifte en standaarde:

- *Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid (1993);*
- *Omgewingsregulasies vir Werkplekke (1987):(2281);*
- *Algemene Veiligheidsregulasies (1993);*
- *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalbestuur (2008), Art. 21-23;*
- *Wet op die Uitbreiding van Sekerheid en Verblyfreg (2007);*
- *Sektorale Vasstelling 13: Plaaswerkers (2009);*
- *Suid-Afrikaanse standaard vir die huisvesting van mynwerkers;*
- *Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS) en Suid-Afrikaanse Bouregulasies (Boustandaarde Wet, 1997).*

In die gids word ook verwys na internasionale dokumente wat as riglyne vir die beste praktyke gebruik kan word.

Dit sluit in:

- *Die International Finance Corporation (IFC) en European Bank for Reconstruction and Development (EBRD) se riglyne oor akkommodasie vir werknemers: prosesse en standaarde (2008);*
- *Internasionale Arbeidsorganisasie, Aanbeveling vir die behuising van werknemers (1961);*
- *SA 8000, Riglyne oor akkommodasie;*
- *Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte.*



Werkgewers word nie regtens verplig om verblyf te verskaf nie, maar as dit verskaf word as deel van 'n werknemer se dienskontrak, moet die werkgever toesien dat dit doeltreffend, skoon en veilig is en aan alle regsvoorskrifte voldoen.

### **Riglyne vir die evaluasie van behuising en verblyf op plase:**

- Werkgewers wat verblyf verskaf, kan die kontrolelys, wat as 'n bylaag ingesluit is, gebruik om te bepaal wat die standaard van hul behuising is. Dit is die moeite werd om 'n eerlike beoordeling te doen.
- Die uitslag van die evaluasie sal aandui waar verbeterings nodig is.
- Stel 'n verbeteringsplan met duidelike doelwitte op. Die doelwitte moet altyd spesifiek, meetbaar, haalbaar, realisties en tydsgebonde wees.
- Hou rekord van die verbeteringsplan. Dit vestig verantwoordbaarheid en verseker eksterne belanghebbendes van die werkgever se voorneme om huisvesting te verskaf wat aan die regsvereistes voldoen.

Die proses gaan nie oor dop of slag nie. Dit is 'n werklike evaluasie van die huidige huisvesting, met die verpligting tot verbeterings waar nodig.

# RIGLYNE TOT WETGEWING EN DIE BESTE PRAKTYKE VIR AKKOMMODASIE OP PLASE

# 2

Dié afdeling verskaf riglyne oor die ligging, bou en bestuur van verblyf vir werknemers op plase.  
Daar word na twee soorte akkommodasie verwys: gesinswonings en gemeenskaplike huisvesting.

Dit bestaan uit twee dele:

A. Algemene woongeriewe

B. Gemeenskaplike woongeriewe

## A. ALGEMENE WOONGERIEWE

Indien huisvesting verskaf word, moet dit skoon en veilig wees en voldoen aan die basiese behoeftes van die bewoners.

### 1. LIGGING

#### **Wat is die regsposisie?**

Woonhuise moet nie gebou word langs 'n produksiegebied soos 'n chemiese bergplek, werkswinkel, landery of enige plek wat 'n bedreiging vir inwoners se veiligheid, gesondheid en welsyn inhou nie. Sien 'Wat word aanbeveel?' later in die afdeling vir bestaande geboue wat 'n bedreiging vir die gesondheid en veiligheid van inwoners mag inhou.

Maatreëls moet getref word om werknemers en hul gesinne wat op plase woon te beskerm teen blootstelling aan chemikalieë.



Roetes na woonhuise moet duidelik sigbaar wees om brandbestryding en redding te vergemaklik. Nuwe geboue moet slegs opgerig word op 'n terrein wat toegang verleen tot plaaslike brandweerdienste.

'n Stelsel om skoon en veilige woongeriewe te verseker, is belangrik. Sodoende kan veiligheidsrisiko's vermy en werknemers teen siektes beskerm word. In gevalle van gevestigde huisvesting vir werknemers, moet 'n risikobepaling ten opsigte van gesondheid en veiligheid gedoen word. Dit kan probleemgebiede uitwys. As woonhuise byvoorbeeld naby produksiegebiede is, moet stappe gedoen word om die risiko van blootstelling aan chemikalieë te verminder.

Dit kan die volgende insluit:

- (a) Rig 'n versperring tussen die produksie- en woongebied op.
- (b) Skep 'n buffersone tussen die produksie- en woongebied.
- (c) Stel inwoners in kennis van die spuitprogram.
- d) Ontwerp en bou woonhuise om risiko's te verminder – vensters wat op 'n produksiegebied uitkyk moet nie oopmaak nie.
- (e) Stel inwoners in kennis van die gevare van blootstelling aan chemikalieë, die prosedure tydens bespuiting en waar mediese hulp en gesondheidsorg beskikbaar is.

Werkgewers wat dit oorweeg om nuwe woonhuise te bou, behoort vooraf 'n volledige impakstudie van die omgewing te doen.

## 2. ALGEMENE TOESTAND VAN WOONGERIEWE

### **Wat is die regsposisie?**

Behuising moet skoon en veilig wees.

Woonhuise moet solied wees en gebou word met geskikte materiale.

Sektorale Vasstelling 13 vir Plaaswerkers skryf sekere minimum vereistes voor. Werkgewers mag net geld vir verblyf van lone aftrek as die woonhuis:

- 'n Duursame en waterdigte dak het;
- Glasvensters het wat kan oopmaak;
- Voorsien is van elektrisiteit as die plaas die infrastruktuur het;
- Voorsien is van veilige, binnenshuise drinkwater, of as dit minder as honderd meter van die huis beskikbaar is;
- 'n Spoeltoilet in of putlatrine naby die huis beskikbaar is;
- Nie kleiner as dertig vierkante meter is nie.

#### LOONAFTREKKINGS VIR BEHUISING:

**Gesinswonings:** Die aftrekking vir verblyf mag nie meer as 10% van die primêre werknemer (gewoonlik die gesinslid met die hoogste verdienste) se loon wees nie en mag slegs gemaak word as elektrisiteit gratis voorsien word.

**Gemeenskaplike huisvesting:** As meer as twee werknemers saamwoon op die plaas, is die maksimum toelaatbare aftrekking 25% van die minimum loon van 'n werknemer. Voorbeeld: Tien werknemers woon saam in 'n huis op die plaas. As die minimum loon R1503.90 per maand is, is die maksimum aftrekking 25% van R1 503.90, gedeel tussen tien werknemers. Dit is R37.60 per werknemer per maand.

#### Wat word aanbeveel?

As werknemers as deel van hul dienskontrak van verblyf voorsien word, moet dit doeltreffend wees. Geboue moet veilig en solied wees en van duursame, waterdigte materiaal gebou wees. Dit moet sentraal wees en in die basiese behoeftes van inwoners, soos toegang tot drinkwater, toilette, wasbakke en badkamers, voorsien. Indien elektrisiteit verskaf word, mag werkgewers aftrekkings hiervoor maak, slegs as huisvesting gratis verskaf word. Elektrisiteitsmeters wat vooruitbetalings moontlik maak word dikwels gebruik. Sodoende kan werknemers self hul elektrisiteitsverbruik bepaal.

Die volgende word ook aanbeveel:

- 'n Plafon, tensy dit 'n grasdak, spitsdak met sigbare balke is, of waar die konstruksie dit onnodig maak.
- Deure.
- Die gebou moet weerbestand wees, wat beteken dat dit inwoners teen wind, reën en stygende vogtigheid moet beskerm.
- Geskikte vloere wat duursaam is en maklik skoongehou kan word.

### 3. DIE GEBRUIK VAN ASBES IN WOONGERIEWE

#### **Wat is die regsposisie?**

Asbes wat in bestaande huisvesting gebruik is, moet onbeskadig en in 'n goeie toestand wees. 'n Skriftelike instandhoudingsplan moet beskikbaar wees indien asbes in werknemers se woongeriewe gebruik is.

*Verwysing: Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, 1993; Regulasie 155; Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet (1977), Art. 4, 10 en 14; Asbes – Regulasie 155.*

#### **Wat word aanbeveel?**

- Stel vas waar asbes oral gebruik word, die toestand daarvan en waar onderhoud nodig is. Dui hierdie plekke op 'n kaart van die perseel aan en merk die toestand van die asbes met kleurkodes. Voorbeeld: Rooi = swak en verg onmiddellike aandag; Oranje = gangbaar maar benodig aandag; Groen = goed en benodig nie onmiddellike aandag nie.
- Hanteer asbes volgens die voorgeskrewe regulasies. Dit is 'n goeie plan om raad by gemagtigde diensverskaffers in te win.
- Sluit asbesbestuur in by die risikobepaling vir gesondheid en veiligheid en stel 'n instandhoudingsplan op.
- Maak seker dat werknemers bewus is van die gevare verbonde aan asbes en dat hulle die beleid oor die hantering van asbes verstaan.



#### 4. DREINERING EN RIOLERING

##### **Wat is die regsposisie?**

Die behandeling van rioolwater, afloopwater, afvalbeheer en -verwerking moet voldoen aan die standarde vir afvalbestuur. Die afvalverwerkingstelsel moet so ontwerp wees dat dit waterbesoedeling voorkom. Septiese tenks en opgaartenks moet opgerig word om waterbesoedeling deur lekkasie, storting of ondergrondse water te voorkom.

*Verwysing:* - SANS10252:2004; - SANS 10400: Deel P (Spoelriolering) en Deel Q (Chemiese of waterlose latrines).

##### **Wat word aanbeveel?**

Bestaande dreineer- en rioolstelsels moet doeltreffend en in 'n goeie werkende toestand wees.

Sigbare lekplekke, staande water en verstopte rirole is taboe.

Staande water in woongebiede is 'n teelplek vir siektes en 'n risiko vir gesondheid en veiligheid.

Personeel moet ingelig wees oor die behoorlike gebruik van alle geriewe wat voorsien word.

Werkgewers behoort werknemers te raadpleeg voordat nuwe geriewe ingerig of bestaande geriewe opgradeer word.

#### 5. ISOLERING, VENTILASIE EN BELIGTING

##### **Wat is die regsposisie?**

ISOLERING EN VENTILASIE Isolering en ventilasie moet voldoende wees:

- Vensters moet van glas en heel wees. Dit moet oop- en toegemaak kan word.
  - Deure in woonhuise moet in 'n goeie toestand wees en behoorlik kan toemaak.
  - Vensters mag nie afgesluit word op 'n manier wat ventilasie verhinder, natuurlike lig uitsluit of 'n brandgevaar skep nie.
  - Boumateriaal mag nie uiterste geleiers van hitte of koue (bv. staalhouers) wees of baie warm of baie koud word nie.
- Indien dit 'n probleem is, moet stappe gedoen word om uiterste toestande te voorkom – skuimrubber, houtplafonne en suigwaaiers (in staalhouers) kan gebruik word.

- Gemeenskaplike woonplekke moet goed belug wees – natuurlik of meganies, maar só dat werknemers nie besoedelde lug inasem nie.

BELIGTING Woonhuise en gemeenskaplike woongeriewe moet voorsien wees van natuurlike lig en kunslig.

Dit sluit die volgende in:

- Vensters wat voldoende natuurlike lig verskaf.
- Kunslig in toilette en storte.
- Alle ligbronne moet in 'n veilige, werkende toestand wees.

*Verwysing: SANS 10400: Deel O (Beligting en Ventilاسie); Omgewingsregulasies vir Werkplekke, 1987:2281 (Regulasie 3, aanhangsel vir Lux-waardes).*

### **Wat word aanbeveel?**

Die behuisingsbeleid en -ooreenkoms, soos skriftelik tussen werknemers en die bestuur aangegaan, moet aandui wie verantwoordelik is vir die herstel van gebreekte vensters en die koste daarvan. Vensters verskaf lig en lug en daarom moet gebreekte vensters nie afgesluit word nie.



As werknemers gas- of paraffienstofies gebruik, is swak ventilاسie lewensgevaarlik.

Hoewel daar alternatiewe soos perspex beskikbaar is vir glas, moet dit liewer nie gebruik word voor verlof by die Departement van Arbeid verkry is nie.

Wetgewing vereis dat glas gebruik word.



## 6. WATER EN DIE OPGAAR VAN WATER

### Wat is die regsposisie?

- Skoop, veilige en voldoende drinkwater moet by werknemers se woonplekke voorsien word.
- Drinkwater moet voldoen aan die Suid Afrikaanse Nasionale Standaard vir drinkwater en moet gereeld getoets word. (Verwysing: SANS 241: 2006.)
- Tenks wat gebruik word om drinkwater op te gaar moet behoorlik opgerig en bedek word om besoedeling deur lekkasie of insypeling te voorkom.
- Leë chemiese houers mag nie hergebruik word nie. Dit mag nie by woongeriewe gebruik word om water te karwei of op te gaar vir drink-, kook- of waswater nie. Dit is baie moeilik om die hergebruik van chemiese houers te beheer, veral waar lopende water nie gereedlik beskikbaar is nie. Dit is daarom juis belangrik om 'n goeie bestuurstelsel vir veiligheid te implementeer.

### Wat word aanbeveel?

Internasionale standaarde beveel 'n minimum van tagtig liter per persoon per dag aan.

#### RISIKOBEPALING VAN WATERVLAKKE

Doen 'n risikobepaling om vas te stel wat die beskikbare watervlakke is. Hou dit op rekord en hersien dit gereeld of wanneer daar aansienlike veranderinge is. Die risikobepaling moet die volgende insluit:

- Die waterbron – boorgat of rivier.
- Die metode van onttrekking – pompstelsel of swaartekrag deur middel van kanale.



- Omgewing van die bron – dit is 'n groter risiko om water uit 'n rivier onderkant 'n informele nedersetting te verkry as uit 'n rivier in 'n afgeleë gebied.
- Opgaar van water – geslote tenks of 'n oop reservoir.
- Besikbaarheid van filtrasi- of suiwingstelsels
- Die invloed van seisoene op die waterbron – die watervlakke van riviere en strome in 'n somer reënvalgebied moet meer dikwels nagegaan word in die wintermaande, omdat dit dan stadiger vloei.

As meer as een waterbron beskikbaar is of gebruik word vir verskillende doeleindes, soos in pakhuse, moet daar 'n duidelike onderskeid tussen drinkwater en ondrinkbare water gemaak word deur kennisgewingborde en kleurkodes.

## 7. AFVALWATER EN VASTE AFVAL

### **Wat is die regsposisie?**

Afvalwater, riool en ander afvalmateriaal moet behoorlik verwyder word, sonder dat 'n groot invloed het op inwoners, die omliggende gemeenskap of omgewing.

*Verwysing: SANS 10400: Deel P; SANS 10252: 2004.*

### VULLISBLIKKE EN VERWYDERING

- In alle woongebiede moet inwoners voorsien word van houers vir vullisverwydering.
- Afval moet verwyder word voor dit 'n ergenis word of die omgewing besoedel.
- Afval moet so hanteer word dat dit nie inwoners se gesondheid of die omgewing aan gevaar blootstel nie. Dit moet ook nie deur reuk, sig, geraas of wind ergenis veroorsaak nie.

*Verwysing: Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalbestuur (2009), Deel 2: afdeling 16 en Deel 5: afdeling 21.*

MANGATE: Mangate moet altyd bedek word en nie 'n risiko wees vir die gesondheid of veiligheid van die mense wat in die omgewing woon nie.

PLAAGBESTRYDING: Maatreëls moet getref word om mense te beskerm teen diere wat siektes dra.

**Wat word aanbeveel?**

VULLISBLIKKE: Die aantal, grootte en soort houers vir vullisverwydering word bepaal deur faktore soos die aantal inwoners, hoe dikwels afval verwyder word en waar die houers geberg word. Vullishouers moet verkieslik nie te na aan woongeriewe gehou word nie en daar moet gepoog word om peste uit te hou.

PLAAGBESTRYDING: Peste veroorsaak siektes en daarom moet dit beheer word. Die beheer sal van plek tot plek verskil, want dit word beïnvloed deur klimaat, die aard en hoeveelheid van die afval, waar dit geberg word en die manier van verwydering.

## B. GEMEENSKAPLIKE HUISVESTING

Die bestuur moet verseker dat gemeenskaplike huisvesting van so 'n aard is dat werknemers kan rus, dat dit higiënies is en dat dit nie oorbeset word nie.

### 1. ALGEMENE TOESTAND VAN SLAAPGERIEWE

**Wat is die regsposisie?** INSTANDHOUDING VAN SLAAPPLEKKE Slaapkamers moet in 'n goeie toestand gehou word.



**SLAAPPLEK VIR MANS EN VROUE** Daar moet afsonderlike slaapkamers vir mans en vroue wees, behalwe waar gesinswonings voorsien word.

**VOORSIENING VAN RUIMTE** Daar moet genoeg ruimte wees vir werknemers wat kamers deel. Vyf vierkante meter per persoon is die gemiddelde en die plafon moet minstens 2.10 meter hoog wees. Raadpleeg die Departement van Arbeid om te verseker dat voldoende ruimte verseker word. Die riglyn is dat die toegekende ruimte nie 'n risiko vir die gesondheid, veiligheid en welsyn van inwoners inhou nie. *Verwysing: Suid-Afrikaanse Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet, Nr. 103 van 1977; Afdeling A21.*

**Wat word aanbeveel?** Kamers moet gereeld belug en skoongemaak word. Dit moet voorsien wees van vloere wat maklik skoonmaak, sowel as van deure en vensters wat kan sluit as dit nodig is.

Daar moet duidelike reëls en riglyne wees – kwartiere vir “eenlopendes” en vir “getroudes/lewensmaats” moet verduidelik word in die behuisingsbeleid.

## 2. SLAAPREËLINGS EN PAKPLEK

### Wat is die regsposisie?

**BEDDENS EN MATRASSE** Daar moet genoeg beddens wees vir werknemers wat kamers deel. 'n Afsonderlike bed en matras moet gratis aan elke werknemer voorsien word. As werknemers vir matrasse moet betaal, word dit hul eiendom.

**VLOERRUIMTE EN AANTAL BEDDENS** Daar moet voldoende vloerruimte wees vir die aantal beddens wat gebruik word in gemeenskaplike kamers – minstens vyf vierkante meter per persoon.

**PAKPLEK** Alle werknemers, behalwe kantoorpersoneel, moet van persoonlike geriewe voorsien word, sodat klere en ander persoonlike items veilig en in 'n goeie toestand bewaar kan word.

### Wat word aanbeveel?

**BEDDENS EN MATRASSE** Suid Afrikaanse wetgewing maak nie voorsiening vir kajuitbeddens in hostelle nie, maar internasionale standaarde beveel aan dat twee werknemers wat van kajuitbeddens voorsien word, minstens vyf vierkante meter vloerspasie per persoon toegeken moet word.

Dit word om veiligheidsredes aanbeveel dat die minimum spasie tussen beddens of matrasse minstens een meter moet wees.

Indien kajuitbeddens gebruik word, moet die oop spasie tussen die onderste en die boonste bed minstens 0.7 meter wees.

**PAKPLEK** Daar is nie spesifieke voorskrifte vir pakplek nie en behoeftes sal van plek tot plek verskil. As 'n riglyn, moet werknemers wat in 'n soort hostel woon, elk van 'n sluitkassie voorsien word.



### 3. TOILETTE EN WASGERIEWE

Voldoende toilet- en wasgeriewe moet beskikbaar wees sodat werknemers goeie persoonlike higiëne kan handhaaf. Onvoldoende fasiliteite kan lei tot besmetting en die verspreiding van siekte.

#### TOILETTE

##### Wat is die regsposisie?

AANTAL TOILETTE Bouregulasies vir die werkplek bepaal dat daar vir elke agt mans minstens een toilet en twee vir elke agt vroue moet wees. *Verwysing: SANS 10400 – Deel P; Afdeling 4.11 – Tabel 5.*



TOILETGERIEWE Toilette moet gereeld gereinig word en die volgende insluit:

- 'n dak wat nie lek nie en 'n deur wat sluit
- voldoende ventilasie – vensters of op 'n ander aanvaarbare manier
- afskortings om privaatheid te verseker
- voldoende natuurlike lig en kunslig
- maklike toegang. Buite toilette mag nie verder as sestig meter van die woonplekke wees nie.
- voldoende chemikalieë vir putlatrines om afbreking te bevorder
- wasbakke naby die toilet

#### STORTE EN BADKAMERS

##### Wat is die regsposisie?

Daar moet een bad of stort vir elke agt inwoners wees. *Verwysing: SANS 10400 – Deel P; Afdeling 4.11 – Tabel 5.*

Storte en baddens moet skoon, higiënies en in goeie werkende toestand gehou word en van lopende water voorsien wees. Geriewe moet afsonderlik vir mans en vroue verskaf word en duidelik gemerk wees. *Verwysing: SANS 10400 – Deel P; Regulasie vir Geriewe 1593.*

Sanitêre- en toiletgeriewe moet toilette, urinale, wasbakke en storte insluit.

### Wat word aanbeveel?

Geriewe moet gebou word van materiale wat maklik skoongehou kan word en só ontwerp wees dat die afskortings en deure wat sluit voldoende privaatheid aan werknemers bied.

Neem as riglyn kennis dat warm en koue lopende water ingevolge internasionale standaard verskaf moet word.

## 4. KOOK- WAS- EN STRYKGERIEWE

### Wat is die regsposisie?

In gevalle waar werknemers self hul kos berei, moet 'n kookplek afsonderlik van die slaapgebied verskaf word. Die kantien en kookplek moet skoon en higiënies gehou word.

Die bestuur moet sorg dat daar geriewe vir werknemers is om hul klere te was.

**KOOKGERIEWE** Kookgeriewe moet skoon en higiënies wees.

**KOOKPLEK** As werknemers self hul kos berei, moet die aangewese kookplek aan die volgende voldoen:

- Dit moet apart van die slaapplek in die woongeriewe wees;
- Die grootte van die kookplek moet in verhouding wees met die aantal inwoners;
- Inwoners mag op 'n oop vuur kook, mits dit op 'n aangewese plek plaasvind.

*Verwysing: SANS 10400 Deel T.*

**STOWE** Stowe wat gebruik word om te kook, moet goed werk en die elektriese bedrading moet veilig wees.





### **Wat word aanbeveel?**

**HOU KOOKGERIEWE SKOON** Stel 'n rooster op wat besonderhede bevat soos wie verantwoordelik is vir die skoonmaak van geriewe, hoe dikwels dit moet gebeur, die metode, en dies meer. Dit is goeie praktyk om rekord te hou van die proses en sodoende verantwoordbaarheid te vestig.



#### **KOOKPLEK EN APPARAAT**

Daar moet 'n spesifieke kookplek aangewys word om werknemers te ontmoedig om in die leefgebied te kook. Brande ontstaan dikwels as gevolg van kooktoerusting.

Ter wille van veiligheid en die regs aanspreeklikheid van die plaaseienaar, moet die risiko's verbonde aan kook beperk word. Die soort en toestand van die

kombuisgereedskap beïnvloed die risikvlak. Die gebruik van paraffienstofies moet beperk word tot aangewese gebiede. Verseker dat genoeg en geskikte

brandblussers beskikbaar is.

Sorg vir voldoende ventilasie, veral as gas- en paraffienstofies gebruik word.



### **Wat is die regposisie?**

**WAS- EN STRYKGERIEWE** Daar moet was- en strykgeriewe in gemeenskaplike woongeriewe wees sodat werknemers hul klere kan was.



## 5. MEDIES / NOODHULP

Die bestuur moet toesien dat noodhulp aan alle inwoners beskikbaar is en dat daar 'n aksieplan bestaan vir noodgevalle. *Sien die Handboek vir Etiese Handelkwessies, Noodhulp, bladsy 82 vir meer inligting.*

### Wat is die regsposisie?

**NOODHULP** Voldoende en goed toegeruste noodhulpkassies moet in gemeenskaplike woongeriewe beskikbaar wees. Dit moet toeganklik en op 'n duidelik afgebakende plek in die gemeenskaplike woongebied gehou word. Raadpleeg die regsvereistes vir die werkplek oor die aantal noodhulpkassies wat in gemeenskaplike woongeriewe beskikbaar moet wees.

*Sien die Handboek vir Etiese Handelkwessies, Noodhulp, bladsy 82 vir meer inligting.*

### Wat word aanbeveel?

Lei 'n werknemer wat op die plaas woon in noodhulp op.



**REKORDHOUDING VAN BESERINGS** Teken alle ongelukke en voorvalle in die woongeriewe aan. *Sien die Handboek vir Etiese Handelkwessies, Ongelukke, bladsy 80.*

# BESTUURSTELSELS

# 3

Dié afdeling handel oor die stelsels wat nodig is vir die doeltreffende bestuur en instandhouding van akkommodasie vir werknemers.

## A. Bestuursbeleid

### 1. HUISVESTINGSBELEID EN BEHUISINGSOOREENKOMSTE

HUISVESTINGSBELEID 'n Geskrewe bestuursbeleid rakende huisvesting, verblyf en woongeriewe vir werknemers moet bestaan. Die persoon in beheer van akkommodasie moet toesien dat die relevante planne en standarde geïmplementeer word.

Die huisvestingsbeleid moet:

- 'n Skriftelike dokument wees;
- Deur senior bestuur gemagtig wees;
- Beskikbaar wees aan die bestuur en werknemers;
- Verduidelik word aan werknemers in 'n taal wat hulle verstaan;
- Gereeld hersien word.

'n Huisvestingsbeleid is noodsaaklik om te verseker dat albei partye (bestuur en werknemers) weet wat van hulle verwag word om behuising en geriewe vir werknemers te bestuur en in stand te hou.

BEHUISINGSOOREENKOMS Die behuisingsooreenkoms moet die reëls vir bewoning bevat. Bepalings en voorwaardes moet duidelik wees en aan werknemers verduidelik word voor hulle intrek. Die behuisingsooreenkoms is deel van die dienskontrak wat deur die bestuur en werknemers onderteken moet word.

*Sien [www.fruitsa-ethical.org.za](http://www.fruitsa-ethical.org.za) onder 'Dokumente' vir 'n voorbeeld van 'n behuisingsooreenkoms; sowel as die Handboek vir Etiese Handelkwessies, bladsy 84.*

## 2. BELEID OOR GESONDHEID EN VEILIGHEID

'n Gesondheids- en veiligheidsprogram rakende huisvesting en verblyf vir werknemers is noodsaaklik. Dit moet alle risiko's dek, insluitend elektriese, meganiese en strukturele gevare en voedselveiligheid. Die program moet beskikbaar wees aan alle werknemers en gereeld hersien word. Woonkwartiere moet by die onderneming se risikobepaling vir gesondheid en veiligheid ingesluit word. *Sien die Handboek vir Etiese Handelskwessies, bladsy 79 en Risikobepaling, bladsy 70.*

Die persoon in beheer van akkommodasie moet omsien na die gesondheid, veiligheid en welsyn van die werknemers. Dit behels die instandhouding van toilette en wasgeriewe en die implementering van 'n doeltreffende brandbeheerstelsel. Terselfdertyd moet gesondheids- en veiligheidsreëls ingestel en nagekom word.

**AANMELDING VAN VOORVALLE EN ONGELUKKE** Die persoon in beheer van akkommodasie moet alle voorvalle en ongelukke in die woongebied by 'n senior bestuurder aanmeld en bystand met ondersoek verleen as dit verlang word.

**BRANDBEHEERSTELSEL** 'n Brandveiligheidsplan moet bestaan waarvolgens een (by 'n klein perseel) of 'n span (by 'n groot perseel) brandbeampies opgelei word, brandblussers en -slange verskaf en gereeld versien word, en brandoefeninge gehou word.

Brandoefeninge moet gereeld gehou word sodat werknemers weet hoe om tydens 'n noodgeval op te tree. Hou rekord van die datums waarop brandoefeninge gehou is – dit kan in werklike noodgevalle 'n aanduiding gee dat redelike stappe gedoen is om risiko's te beperk.

**DRANK- EN DWELMMISBRUIK, MIV/VIGS EN ANDER GESONDHEIDSVERWANTE AKTIWITEITE** 'n Maatskappybeleid oor drank- en dwelmmisbruik, drank- en dwelmhandel, MIV en VIGS en ander gesondheidsrisiko's is belangrik. Skep bewustheid by werknemers oor die gesondheidsgevaare verbonde aan drank- en dwelmmisbruik, MIV en VIGS en hoërisiko gedrag.

*Sien die Handboek vir Etiese Handelskwessies, 'n Gesonde en veilige omgewing, bestuur en stelsels, bladsy 69-73.*



TOEGANG TOT NOODHULP EN NOODDIENSTE Vertoon 'n kennisgewing van die prosedure tydens mediese noodgevalle en noodnommers soos die ambulansdiens.

Die volgende word aanbeveel:

- Elke gemeenskaplike wooneenheid moet voorsien wees van voldoende goed toegeruste en maklik bereikbare noodhulpkassies. (Die wetgewing rakende gesondheid en veiligheid in die werkplek dien as riglyn vir die aantal noodhulpkassies).
- Werknemers wat in noodhulp opgelei is – die wetgewing rakende gesondheid en veiligheid in die werkplek dien as riglyn vir die aantal werknemers. Werknemers in beheer van noodhulp kan vir die werkplek en woongebied aangestel word.
- Die name van die werknemers in beheer van noodhulp moet op 'n kennisgewingbord op 'n openbare plek vertoon word.
- Hou 'n logboek vir beserings.
- Noodprosedure moet aan werknemers verduidelik word.



NOODPLAN VIR BRANDBEVEILIGING 'n Skriftelike noodplan vir brandbeveiliging moet aan inwoners oorgedra word. Die noodplan moet op 'n kennisgewingbord op 'n openbare plek vertoon word.

### 3. AFTREKKINGS VIR VERBLYF, KOS EN DIENSTE

Aftrekkings vir huur en dienste moet tydens werwing (m.a.w. voor aanstelling) bespreek word en in elke werknemer se dienskontrak vermeld word. Aftrekkings moet uiteengesit word in die behuisingsooreenkoms wat deur die bestuur en werknemers onderteken word.

Aftrekkings vir verblyf moet duidelik op werknemers se betaalstrookies aangedui word. Sodanige aftrekkings moet behoorlik aan werknemers verduidelik word om te verseker dat hulle daarvan bewus is. Koste verwant aan behuising mag nie meer wees as waarvoor wetgewing voorsiening maak nie. Indien geld vir verblyf afgetrek word, moet elektrisiteit gratis voorsien word. As daar nie geld vir behuising afgetrek word nie, mag die koste van elektrisiteit verhaal word. Werknemers moet genoeg geld na aftrekkings oorhou, sodat hulle nie in 'n verhouding van knegskap of skuld-slawerny teenoor die werkgewer beland nie.

Die werkgewer mag tot 10% vir voedsel en tot 10% vir verblyf van 'n werknemer se gewone loon aftrek. *Verwysing: Sektorale Vasstelling 13, Afdeling 8; sien die Handboek vir Etiese Handelshoudingspraktyke, Aftrekkings, bladsy 98-100; sien ook Afdeling 2: A 2 van hierdie gids.*

AKKOMMODASIE IN RUIL VIR BETALING Verblyf mag nie as betaling vir werk verskaf word nie. Dit veronderstel ook dat 'n eggenoot of lewensmaat nie stukwerk, soos met oestyd, mag verrig om verblyf te verseker nie.

#### 4. PROSEDURES VIR DISSIPLINE EN DIE LUG VAN GRIEWE

Duidelike kommunikasiekanale tussen die bestuur en werknemers wat op die plaas woon moet vir die beslegting van geskille bestaan. Die maatskappy se beleid oor die lug van griewe moet gebruik word om klagtes oor akkommodasie te hanteer.

**KLAGTES OOR AKKOMMODASIE** Verteenwoordigers vir akkommodasie moet op die plaaskomitee dien sodat hulle besware in dié verband by die bestuur kan opper. Terugvoering van die bestuur moet op skrif gestel word.

**DIE LUG VAN GRIEWE** Die maatskappy moet 'n prosedure hê waarvolgens griewe oor akkommodasie gelug kan word.

**DISSIPLINÊRE PROSEDURE** Die maatskappy se dissiplinêre prosedure moet gebruik word om die verbreking van die behuisingsooreenkoms te hanteer.

**DIE HANTERING VAN KONFLIK TUSSEN BEWONERS** Die plaaskomitee is verantwoordelik vir die hantering van konflik tussen mense wat op die terrein woon en werk. Die prosedure vir die lug van griewe moet hiervoor gebruik word.

**DIE HANTERING VAN ERNSTIGE KRIMINELE SAKE EN DIE POLISIE** Die bestuur behoort 'n ooreenkoms aan te gaan met die plaaslike polisie vir die hantering van ernstige kriminele oortredings soos drank- en dwelmhandel. Dit is 'n goeie plan om so 'n ooreenkoms op skrif te stel. Die noodprosedure en noodnommer moet op 'n kennisgewingbord op 'n openbare plek vertoon word.

## B. Bestuur en Personeel

### 1. AANSTELLING VAN 'N BESTUURSLID OM WERKNEMERS SE HUISVESTING TE BEHARTIG

Die bestuur moet iemand met die toepaslike agtergrond en ondervinding aanwys om saam te werk met die plaaskomitee of die komitee vir akkommodasie. Dit kan die plaaseienaar of 'n gewone bestuurslid wees, afhangend van die grootte van die terrein. Deur iemand as toesighouer oor werknemers se akkommodasie aan te stel, word 'n beheerde, gestruktureerde omgewing geskep waarin die reëls, beleid en prosedures wat deur die bestuur gevestig is, doeltreffend toegepas kan word.

### 2. AANSTELLING VAN PERSONEEL VIR DIE SKOONMAAK EN ONDERHOUD VAN GEMEENSKAPLIKE WOONGERIEWE

Die grootte van die woongeriewe bepaal die aantal personeellede wat aangestel moet word vir die skoonmaak en algemene instandhouding daarvan.

### 3. OPLEIDING VAN PERSONEEL

**OPLEIDING IN GESONDHEID EN VEILIGHEID** Wetgewing vereis dat personeel basiese opleiding in gesondheid en veiligheid ontvang.

*Sien die Handboek vir Etiese Handelkwessies, 'n Gesonde en veilige omgewing, bestuur en stelsels, bladsy 69-73.*

**KOMBUIS** Personeel in beheer van die kombuis, spyseniering of kantien in gemeenskaplike woongeriewe, moet opleiding in voedselhantering en -higiëne ontvang. Hou opleiding op rekord.



## C. Sekuriteit

Die bestuur moet 'n veiligheidsbeleid en veiligheidsplan instel om werknemers se veiligheid te verseker, byvoorbeeld beskerming teen aanvalle en diefstal. Die regte en verantwoordelikhede van inwoners moet in die beleid verduidelik word. Die bestuur moet besluit op die doeltreffende implementering van die veiligheidsplan, wat die werwing van veiligheidspersoneel kan insluit.

Andersins kan 'n diensooreenkoms met 'n sekuriteitsmaatskappy aangegaan word.

### 1. SEKURITEIT EN DIE REGTE VAN WERKNEMERS

Die gedragskode vir sekuriteitspersoneel moet respek vir die regte van werknemers en die omliggende gemeenskap of omgewing vooropstel, soos vryheid van beweging, liggaamlike vryheid en respek by deursoeking.

### 2. KLAGTES OOR SEKURITEIT

Gebruik die onderneming se prosedure vir die lug van griewe om klagtes oor sekuriteitsreëlins en -personeel te hanteer. Hierdie prosedure moet ook aan werknemers verduidelik word.

### 3. BESOEKERS EN TOEGANG TOT DIE WOONGEBIED

AgriSA het 'n protokol vir toegang tot plase ontwikkel, wat die regte en verantwoordelikhede van inwoners en plaasbesoekers uiteensit.

# GIDS TOT DIE WET OP DIE UITBREIDING VAN SEKERHEID EN VERBLYFREG (ESTA)

# 4

Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid en Verblyfreg (Extension of Security of Tenure Act / ESTA) is in 1997 uitgevaardig om die volgende te reguleer:

- Die voorwaardes vir verblyf op sekere grond soos plase;
- Die voorwaardes vir en omstandighede waaronder mense se reg op verblyf op grond beëindig kan word;
- Die regsproses wat deur die grondeienaar gevolg moet word voordat 'n plaaswerker uitgesit kan word; en
- Om verwante aangeleenthede te hanteer.

Slegs 'n persoon wat verlof ontvang het om op die plaas te bly, in ESTA beskryf as die okkupeerder, word deur die Wet beskerm, hoewel die mense wat saam met die okkupeerder bly ook in 'n mate beskerm word deur hul verbintenis met hom of haar. Die okkupeerder het die volgende vernaamste verantwoordelikhede: die okkupeerder moet die regte van die eienaar respekteer, mag nie iemand anders wat op die plaas woon skade aandoen nie, mag nie die eiendom van die eienaar beskadig nie, moet redelike stappe doen om te verhinder dat besoekers skade aanrig en moet in die algemeen voldoen aan die voorwaardes in die behuisingsooreenkoms. As okkupeerders die voorwaardes in ESTA of die behuisingsooreenkoms verontagsaam, kan hul verblyfreg beëindig word. Dit kan lei tot uitsetting in terme van 'n hofbevel sonder die verpligting om alternatiewe verblyf te verskaf.

Afgesien van die verantwoordelikhede, het die okkupeerder die volgende algemene regte:

- Okkupeerders het die reg om besoekers te ontvang, onderworpe aan redelike voorwaardes van die eienaar, soos besoektye en hekke wat besoekers moet gebruik. Die plaaswerkers kan aanspreeklik gehou word vir skade wat deur hul besoekers aangerig is, as daar gevind word dat die okkupeerder redelike stappe kon doen om sodanige skade te voorkom.
- Plaaswerkers het die reg om pos en ander kommunikasie te ontvang.
- Plaaswerkers het die reg op 'n gesinslewe in ooreenstemming met die kultuur van daardie gesin. Voorbeeld: Jan is die okkupeerder en het die reg dat sy vrou en kinders by hom woon. Hierdie reg word uitgebrei deurdat sy ouers en ander lede van die uitgebreide familie ook by hom mag woon. Riglyne oor wie by die okkupeerder mag of nie mag woon nie moet by die behuisingsooreenkoms ingesluit word. Die behuisingsooreenkoms moet voor aanstelling en die toekenning van verblyf bepaal en onderteken word. Om oorbewoning te voorkom, moet redelike voorwaardes in die behuisingsooreenkoms uiteengesit word. Enige ooreenkoms is egter altyd onderhewig aan die bepalings in ESTA.
- Plaaswerkers het die reg op toegang tot basiese dienste soos elektrisiteit en sanitasie indien dit met die eienaar of bestuur bepaal is toe hulle op die plaas aangekom het.
- Plaaswerkers het die reg op drinkwater en mag nie toegang daartoe geweier word nie.

- Plaaswerkers mag nie toegang tot opvoedkundige of gesondheidsdienste geweier word nie.

LANGTERMYN-OKKUPEERDERS Benewens die algemene verblyfreg wat aan okkuperders verskaf word, erken ESTA dat sekere inwoners, bekend as 'langtermyn-okkuperders', ekstra beskerming benodig. 'n Langtermyn-okkuperder is iemand wat tien jaar of langer op die plaas woon en ouer as sestig jaar is of wat nie langer vir die eienaar kan werk nie as gevolg van swak gesondheid of ongeskiktheid wat in diens van die eienaar opgedoen is. Langtermyn-okkuperders, en die mense wat saam met hulle woon, se verblyfreg mag nie beëindig word nie, tensy hulle die algemene reëls, van toepassing op ESTA en die behuisingsooreenkoms, verbreek. In die geval van die dood van 'n langtermyn-okkuperder, is die eienaar verplig om die oorblywende okkuperders twaalf maande kennis te gee om die perseel te verlaat. As die okkuperders egter 'n belangrike voorwaarde of bepaling rakende hul verblyf verbreek het, het die eienaar die reg om hul verblyf vroeër te beëindig.

UITSETTINGS IN TERME VAN ESTA Die beëindiging van verblyf en daaropvolgende versoek om uitsetting is regverdig as die okkuperder 'n ernstige oortreding begaan het, regverdig ontslaan is of bedank het (ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge) of nie voldoen het aan die voorwaardes van die behuisingsooreenkoms nie. Indien die beëindiging van verblyf regverdig was, moet die eienaar sekere regsvereistes volg om 'n uitsettingsbevel te bekom. Dit behels onder meer dat die eienaar twee maande geskrewe kennisgewing verskaf aan die okkuperder, die plaaslike munisipaliteit en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Hervorming. As die okkuperder egter weier om die eiendom te verlaat, moet die eienaar 'n hofbevel verkry om die uitsetting af te dwing. As die okkuperder die uitsetting betwis, moet die redes hiervoor voor 'n hof gebring word.

As 'n uitsettingsbevel in 'n landdroshof toegestaan word, word dit na die Hof vir Grondeise verwys vir outomatiese hersiening voor dit afgedwing kan word.

## KONTROLELYS OOR WERKNEMERS SE AKKOMMODASIE

AFDELING 1: REGSRAAMWERK	J	N	NVT	Kommentaar
(a) Is die relevante nasionale en plaaslike regulasies geïdentifiseer en geïmplementeer?				
AFDELING 2: RIGLYNE TOT WETGEWING EN DIE BESTE PRAKTYKE VIR AKKOMMODASIE OP PLASE				
<b>A. ALGEMENE WOONGERIEWE</b>				
<b>1. Ligging</b>				
(a) Is werknemers se woonhuise omring deur of naby produksiegebiede?				
(b) Indien wel, is maatreëls ingestel om werknemers en hul gesinne teen blootstelling aan chemikalieë te beskerm?				
(c) Is daar duidelik sigbare roetes na die woonhuise om brandbestryding en redding te vergemaklik?				
<b>1. Algemene toestand van woongeriewe</b>				
(a) Is woonhuise solied en gebou van geskikte materiale?				
(b) As geld vir behuising van werknemers se lone afgetrek word, word daar voldoen aan die minimum vereistes soos bepaal deur Sektorale Vasstelling 13, Afdeling 8?				

	J	N	NVT	Kommentaar
• Het die woonhuis 'n duursame en waterdigte dak?				
• Het dit glasvensters wat kan oopmaak?				
• Is dit voorsien van elektrisiteit as die plaas die infrastruktuur het?				
• Is dit voorsien van veilige, binnenshuise drinkwater of is dit minder as honderd meter van die huis beskikbaar?				
• Is 'n spoeltoilet of putlatrine in of naby die huis beskikbaar?				
• Is die huis nie kleiner as dertig vierkante meter nie?				
(c) As loonaftrekkings vir behuising gemaak word, is dit nie meer as 10% van die primêre werknemer se loon nie en word elektrisiteit gratis voorsien?				
<b>3. Die gebruik van asbes in woongeriewe</b>				
(d) As asbes in woongeriewe gebruik is, het die bestuur 'n instandhoudingsplan ontwikkel en geïmplementeer?				
<b>4. Dreinerings en riolering</b>				
(a) Is woongeriewe van 'n doeltreffende dreineringsstelsel voorsien om te voorkom dat staande water versamel?				
(b) Is septiese tenks en opgaartenks opgerig om lekkasie of storting te voorkom?				

J N NVT Kommentaar

	J	N	NVT	Kommentaar
<b>5. Isolering, ventilasie en beligting</b>				
(a) Is daar voldoende isolering en ventilasie in woongeriewe?				
(b) Is woongeriewe voorsien van voldoende natuurlike lig en kunslig?				
<b>6. Water en die opgaar van water</b>				
(a) Het werknemers toegang tot voldoende gratis, skoon en veilige drinkwater?				
(b) Voldoen drinkwater in woongeriewe aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard vir drinkwater?				
(c) Is opgaartenks wat gebruik word behoorlik opgerig en bedek om besoedeling en besmetting te voorkom?				
(d) Word die gehalte van die drinkwater gereeld getoets?				
(e) Verseker die bestuur dat leë chemiese houers nie gebruik word om water te karwei of op te gaar vir drink-, kook- of waswater nie?				
<b>7. Afvalwater en vaste afval</b>				
(a) Word in woongeriewe doeltreffend weggedoen met afvalwater, riool, oorskietkos en ander afvalmateriaal?				

	J	N	NVT	Kommentaar
(b) Word voldoende houers vir vullisverwydering in woongeriewe verskaf en word dit dikwels leeggemaak?				
(c) Is alle mangate behoorlik bedek om nie 'n risiko vir die gesondheid of veiligheid van inwoners te skep nie?				
(d) Is maatreëls getref om inwoners te beskerm teen peste, insekte en diere wat siektes dra?				
<b>B. GEMEENSKAPLIKE HUISVESTING</b>				
<b>1. Algemene toestand van slaapgeriewe</b>				
(a) Word gemeenskaplike woongeriewe goed onderhou?				
(b) Is daar afsonderlike slaapkamers vir mans en vroue, behalwe waar gesinne saamwoon?				
(c) Is daar voldoende ruimte vir werknemers wat kamers deel?				
<b>2. Slaapreëlins en pakplek</b>				
(a) Is daar genoeg beddens en/of matrasse vir werknemers wat kamers deel?				
(b) Is daar voldoende vloerruimte vir die aantal beddens en/of matrasse in gemeenskaplike kamers?				



	J	N	NVT	Kommentaar
(c) Word veilige beddens verskaf wat nie 'n veiligheidsrisiko vir werknemers inhou nie?				
(d) Word sluitkassies verskaf aan werknemers wat kamers deel?				
<b>3. Toilette en wasgeriewe</b>				
<b>TOILETTE</b>				
(a) Word voldoende toiletgeriewe verskaf in gemeenskaplike woongeriewe?				
(b) Is die toiletgeriewe higiënies?				
(c) Verskaf dit genoeg privaatheid?				
(d) Het toiletgeriewe voldoende ventilasie?				
(e) Is toilette maklik toeganklik?				
(f) Is daar wasbakke?				
<b>STORTE EN BADKAMERS</b>				
(a) Is daar voldoende badgeriewe in gemeenskaplike woongeriewe?				
(b) Is daar 'n stelsel om te verseker dat storte en badkamers:				
• skoon en higiënies is?				
• afsonderlik vir mans en vroue verskaf word, behalwe waar gesinne saamwoon?				
• van lopende water voorsien is?				

J N NVT Kommentaar

	J	N	NVT	Kommentaar
<b>4. Kook-, Was- en Strykgeriewe</b>				
<b>KOOKGERIEWE</b>				
(a) In gevalle waar werknemers self hul kos berei, word 'n kookplek afsonderlik van die slaapgebied verskaf?				
(b) Is daar 'n aangewese plek waar inwoners mag kook op 'n oop vuur?				
(c) As elektriese stowe gebruik word om te kook, is dit in 'n goeie werkende toestand en is die elektriese bedrading veilig?				
(d) Is kookgeriewe skoon en higiënies?				
<b>WAS- EN STRYKGERIEWE</b>				
(a) Word was- en strykgeriewe verskaf?				
<b>5. Medies / Noodhulp</b>				
(a) Is daar voldoende en goed toegeruste noodhulpkassies in gemeenskaplike woongeriewe beskikbaar?				
(b) Is die noodhulpkassies maklik toeganklik?				
(c) Is daar 'n stelsel vir die rekordhouding van ongelukke en voorvalle in woongeriewe?				

**AFDELING 3: BESTUURSTELSELS**

<b>AFDELING 3: BESTUURSTELSELS</b>				
<b>A. Bestuursbeleid</b>				
<b>1. Huisvestingsbeleid en behuisingsooreenkomste</b>				
(a) Is 'n skriftelike bestuursbeleid rakende die akkommodasie van werknemers beskikbaar?				
(b) Is daar 'n aangewese persoon met die nodige verantwoordelikheid en gesag in beheer van akkommodasie?				
(c) Is daar 'n behuisingsooreenkoms wat deur elke werknemer onderteken word as verblyf as deel van hul dienskontrak voorsien word?				
(d) Is die werkgewer en werknemers bewus van hul regte en verantwoordelikhede soos gestipuleer in die behuisingsooreenkoms?				
<b>2. Beleid oor gesondheid en veiligheid</b>				
(a) Is daar 'n plan vir gesondheids- en veiligheidsbeheer wat alle risikogebiede dek, insluitend elektriese, meganiese en strukturele gevare en voedselveiligheid?				
(b) Is woonkwartiere by die onderneming se risikobepaling vir gesondheid en veiligheid ingesluit?				
(c) Meld die persoon in beheer van akkommodasie alle voorvalle en/of ongelukke by 'n senior bestuurder aan?				
(d) Is 'n spesifieke en doeltreffende brandveiligheidsplan beskikbaar?				

	J	N	NVT	Kommentaar
(e) Word brandoefeninge gereeld gehou en word daarvan rekord gehou?				
(f) Word werknemers ingelig oor die gesondheidsgevere verbonde aan drank- en dwelmmisbruik, MIV/VIGS en ander hoërisiko gedrag?				
(g) Word 'n kennisgewing van die prosedure tydens mediese noodgevalle en noodnommers soos die ambulansdiens vertoon op 'n openbare plek?				
(h) Is noodhulpkassies beskikbaar en toeganklik in gemeenskaplike woongeriewe?				
<b>3. Aftrekkings vir verblyf, kos en dienste</b>				
(a) Word aftrekkings vir huur tydens werwing bespreek?				
(b) Word aftrekkings vir verblyf in die behuisingsooreenkoms uiteengesit?				
(c) Word aftrekkings vir verblyf op werknemers se betaalstrokie aangedui?				
(d) Is aftrekkings vir huur wettig?				
<b>4. Prosedures vir dissipline en die lug van griewe</b>				
(a) Is daar 'n prosedure waarvolgens werknemers griewe oor akkommodasie kan lug?				
(b) Is daar minstens een verteenwoordiger op die plaaskomitee wat aangeleenthede oor akkommodasie met die bestuur kan aanroer?				
(c) Is daar 'n dissiplinêre prosedure vir die hantering van kontrakbreuk in terme van die behuisingsooreenkoms?				

	J	N	NVT	Kommentaar
<b>B. Bestuur en personeel</b>				
<b>1. Aanstelling van 'n bestuurslid om werknemers se huisvesting te behartig</b>				
(a) Is daar 'n bestuurslid in beheer van werknemers se akkommodasie?				
<b>2. Aanstelling van personeel vir die skoonmaak en onderhoud van gemeenskaplike woongeriewe</b>				
(a) Is genoeg mense verantwoordelik vir die skoonmaak en algemene instandhouding van woongeriewe?				
<b>3. Opleiding van personeel</b>				
(a) Ontvang personeel die nodige opleiding in gesondheid en veiligheid soos deur wetgewing bepaal?				
(b) Ontvang kombuispersoneel opleiding in voedseligiëne en voedselhantering?				

	J	N	NVT	Kommentaar
<b>C. Sekuriteit</b>				
(a) Is daar 'n veiligheidsplan om die veiligheid van werknemers en hul eiendom te verseker en beskermingsmaatreëls teen aanvalle en diefstal?				
(b) Is werknemers bewus van hul regte en verantwoordelikhede in terme van die veiligheidsbeleid?				
<b>1. Sekuriteit en die regte van werknemers</b>				
(a) Maak die beleid voorsiening vir werknemers se regte in terme van vryheid van beweging, liggaamlike vryheid en die deursoek van persoonlike eiendom?				
(b) Is perkinge van werknemers se vryheid van beweging geregverdig?				
<b>2. Klagtes oor sekuriteit</b>				
(a) Het die maatskappy 'n prosedure om klagtes oor sekuriteit te hanteer?				
<b>3. Besoekers en toegang tot die woongebied</b>				
(a) Is die bestuur en werknemers bewus van die regte en verantwoordelikhede van inwoners en hul besoekers?				